UITGAWE 16 | JAARGANG 22 | 11 OKTOBER 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

VISIONERING
**Moderamen** | *"7 gedagtes ná 3/10"*

## 05 ARTIKELS

05 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Gerontologie Netwerk** | *Boedeldokumente – alles wat jy moet weet*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Getuienisaksies** | *ISLAM: Verhouding tussen Moslems en Christene in Indonesië*

07 | AFRIKA-EKUMENE
**RFF** | *A thread of unity woven across Africa*

08 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding** | *Op twee wiele vir teologie: Bewusmaking in die platteland*

09 | ALGEMEEN
*Die kerkgeboue van Wynand H Louw, baanbreker-kerkargitek*

10 | ALGEMEEN
*Die NG Kerkargief was te sien by hierdie jaar se Woordfees!*

## 11 VERBI DIVINI MINISTER

EREDIENS NETWERK
**Janke Hurter** | *Die 8ste dag: "Stil maar, wag maar, alles word nuut – die hemel en die aarde!"*

## 13 CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK | ***Bespreek vandag!***

## 17 DIS 'N RING-DING

RING VAN GOUDVELD | *Belê in hul vroue en kinders*

## 19 UIT DIE FAKULTEIT

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Kobus Schoeman** | *My reis met die Fakulteit Teologie en Religie aan die UV*

## 20 EKOLOGIE

**Wêreldtrekvoëldag 2024** | *Beskerm insekte, beskerm voëls*

## 21 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
**Farren Cloete** | *Geroep vir 'n tyd soos hierdie*

## 22 VERJAARSDAE

## 23 AKTUEEL ALGEMEEN

23 | **Kerkwees 200** - *'n Tyd van herdenking en hoop*

25 | Advertensies

## 27 OPLEIDING

## 29 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 30 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 31 'N LAASTE GEDAGTE

Lunette Basson | *"Heer waar dan heen? ..."*

## 32 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Pieter van Jaarsveld
Enrico Casaleggio | Ethan
Kleynhans | Albert Geldenhuys
Janke Hurter | Mariëtte Odendaal
Kobus Schoeman | Lunette
Basson | *Kerkbode* | *CLF* | TOIBO
*VrydagNuus*, Kaapkerk | *Bybel-Media* | *Bybelgenootskap*

---

# KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

# DAGBOEK DÍT

***Blêr*** **- Die Verlore Skapie**
*Boekbekendstelling & pretdag*
16 November | 10:00 - 12:00
**Geloofsentrum Universitas**

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 25 Oktober**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za






# "7 gedagtes ná 3/10"

*Deur ds Jan Lubbe*

Waar staan ons nou ná Donderdag, 3 Oktober?

Die afgelope Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat verlede Donderdag by Kopano Nokeng, was ons derde sitting in drie jaar (Maart 2022, April 2023, Oktober 2024). Só baie het in ons Vrystaat gebeur, sóveel is daar onder ons oor alles gepraat. Ons het 'n welwillende weg met mekaar begin soek, tree vir tree. Ons het geleer om soggens ons oog op die wolk te hou – "of dit nou twee dae, 'n maand of langer was" – en om met die verwagting te leef dat Gód ons sal lei (Numeri 9:15-23). Ons het leer bid vir "wysheid van bo (wat) suiwer, vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis, goeie vrugte en geregtigheid" is (Jakobus 1:5, 3:17-18). In die lewe van 'n gelowige en kerk is dít nooit klaar nie.

Vandaar my eerste gedagte by nabetragting oor verlede Donderdag: Wat behoort in 'n sinode te gebeur? Ons bely dat Christus sy Kerk "deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof vergader, beskerm en onderhou" (HK Sondag 21). Oók wanneer die Kerk in haar vergaderings byeenkom, getuig ons Kerkorde (Artikels 20, 21, 22, 24, 32 en 37). "In die lig van God se Woord", staan daar telkens. As Sinode het ons nou drie keer duidelik gesê dat die Bybel vir ons Gods Woord is, wat deur eeue Skrif geword het; wat vir ons sy Skeppingswoord belig; wat vlees geword het in Christus en ons roep om Hóm in liefde en waarheid te volg; wat lewend gemaak word deur sy Gees in elke tyd. Daarom moet 'n sinode luisterend te werk gaan, geloofsonderskeidend: Wat vra Jesus hier van ons; hoe lei God ons nou – in die volheid van sy openbaring?

'n Tweede gedagte. Dié gawes van God se lewende Woord en Gees word aan 'n hele sinode gegee – **aan broers en susters sáám.**

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, **hier vir God**, mekaar en die wêreld*

# BUITENGEWONE SINODESITTING NOTULE

**KOPANO NOKENG** | BLOEMFONTEIN

3 Oktober 2024

BEDIENINGSBEGELEIDING

# Boedeldokumente
## *alles wat jy moet weet*

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

**Gerontologie Netwerk**
*Deur dr Pieter van Jaarsveld*



***Foto:*** *Lize Vermeulen (spreker), 'n regsgeleerde wat 'n spesialis in die hantering van boedels en aanverwante sake is (verskaf).*

Die Netwerk vir Gerontologie, 'n onderafdeling van Bedieningsbegeleiding van die NG Kerk Vrystaat wat fokus op betekenisvolle veroudering van mense, het op 11 September 2024 'n aanbieding gereël in die Engosaal by Westerbloem waar daar aandag gegee is aan 'n baie aktuele onderwerp wat alle seniors raak. By hierdie geleentheid het Lize Vermeulen, 'n regsgeleerde wat 'n spesialis in die hantering van boedels en aanverwante sake is, as spreker opgetree. Die tema van die geleentheid was: **Kry nou al jou boedeldokumente in plek – alles wat jy moet weet**.

Lize het haar aanbieding begin deur op die belangrikheid te wys dat elke senior nou reeds alles op skrif moet stel van wat hulle wil hê direk ná hulle afsterwe tot en met die afhandeling van hulle boedel moet gebeur.

Lize het die belangrikheid beklemtoon dat seniors met hulle kinders of naaste familie moet praat oor sake soos hulle begrafnis en al die nodige inligting ook op skrif moet stel. Dit behels antwoorde op sake soos of die persoon begrawe of veras wil word; waar die begrafnis- of herdenkingsgeleentheid moet plaasvind; wat die liedere moet wees wat gesing moet word; wie as draers moet optree in die geval van 'n begrafnis; watter begrafnisondernemer gebruik moet word; waar die begrafnispolis gebêre is (indien enige) en wat op die grafsteen gegraveer moet word in die geval waar 'n grafsteen of gedenksteen opgerig moet word.

**Lees meer** »

**Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## *Verhoudings tussen Moslems en Christene in Indonesië*

Soos die vorige artikel is hierdie ook nie een wat heeltemal inpas by ons reeks wat apologetiese gesprekke met Moslems betref nie. Indonesië is egter uiters belangrik vir Christene se gesprek met Moslems, aangesien dit die tuiste van meer Moslems in die wêreld is as enige ander land. Dit is ook die land waar meer Moslems hulle tot die Christendom bekeer as enige ander land, naamlik twee miljoen per jaar. Hoewel ons vanuit die Gereformeerde tradisie geen verbintenis met die Pous het nie, het sy onlangse besoek aan Indonesië weer ons aandag op hierdie besondere land gevestig.

Die gesaghebbende Pew Research Centre het uit die pen van K. Caileigh Stirling op 28 Maart 2024 'n artikel[1] gepubliseer wat fokus op die verhoudings tussen Moslems en Christene in Indonesië. 'n Paar belangrike sake wat in daardie artikel duidelik word, is onder andere die volgende:

- Indonesië se bevolking is ongeveer 87% Moslem en 11% Christene. Ongeveer 242 miljoen Moslems en 29 miljoen Christene woon in Indonesië. Die oorblywende Indonesiërs identifiseer meestal as Hindoes, Boeddhiste of Confucianisties.

- Indonesië se Christene vorm die meerderheid in baie van die land se mins bevolkte provinsies. Terwyl Christene 'n relatief klein deel van Indonesië se bevolking uitmaak, vorm hulle *per capita* 'n groter persentasie van verkose amptenare. Sowat 15% van die lede van die Huis van Verteenwoordigers is Christene.

- Moslems en Christene in Indonesië verskil oor Islam se belangrikheid vir Indonesiese identiteit. 'n Oorweldigende meerderheid Moslems (86%) sê dit is baie belangrik om Moslem te wees om werklik Indonesies te wees.

**Lees meer »**

[1] https://www.pewresearch.org/short-reads/2024/03/28/5-facts-about-muslims-and-christians-in-indonesia/

*Hierdie **reeks Islam-artikels** het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus.*
*Hierdie artikel is ietwat anders as die reeks se artikels tot dusver en sluit aan by die Pous se besoek aan Indonesië.*

# RFF: A thread of unity woven accross Africa

*It is a thread woven by the **Reformed churches**' shared faith*

*With acknowledgement to **VrydagNuus, Kaapkerk***

In the heart of Africa, amidst its diverse languages, cultures and landscapes, a thread of unity stretches across borders. It is a thread woven by the Reformed churches' shared faith, which binds them together through history, hardship and hope. This year, the **Reformed Family Forum (RFF)** met once again, from the 8th to the 11th of September 2024, at the serene eMseni Christian Centre in Benoni, South Africa. The gathering was more than just a meeting – it was a celebration of unity, a reflection on common challenges and a renewed commitment to the churches' calling in the diverse contexts of Africa.

The Reformed Family Forum, established in 2015, brings together the general secretaries and moderators of Reformed churches across Africa, churches that have their roots in the 19th-century missionary efforts of the Dutch Reformed Church (NG Kerk) in South Africa. These churches, now spread across Swaziland, Botswana, Zimbabwe, Zambia, Malawi, Mozambique, Kenya and Nigeria, continue to grow and thrive, carrying with them the deep traditions of Reformed theology. This annual meeting serves as a platform to share stories of success, confront mutual challenges, and strengthen the bond of fellowship between these sister churches.

**Read more** »

***Photo*** *provided*



# Op twee wiele vir teologie: *Bewusmaking in die Platteland*

*Teologiese Opleiding*
*Deur Ethan Kleynhans*

Die traptoer het afgeskop op Saterdag, 14 Augustus, en geëindig op 31 Augustus, tydens die semesterbreuk. Hierdie unieke uitreik was gemik op teologiese bewusmaking in landelike gemeenskappe, geloofsgroei, en natuurlik, fietsry. Die teologiese bewusmaking is met groot sukses geïntegreer by gemeentes deur gesamentlike gesprekke met die katkisante, waar die studente hul roepingsverhale gedeel het en verduidelik het hoe God in hul lewens betrokke is.

Ons avontuur het begin by die Kopanong-kantoor, waar die deelnemende studente begin opdaag het. Nadat die bagasie in die bussie gepak is, het ons vertrek na Aliwal-Noord. Die daaropvolgende dae het ons van Cradock na Somerset-Oos, Kirkwood en uiteindelik Grahamstad getrap. Ná twee rusdae by Boknes, het ons teruggekeer Bloemfontein toe.

Die deelnemers het verskeie gebeurtenisse en hoogtepunte beleef. Carmi, een van die deelnemers, deel haar ervaring: "Die fisiese uitdaging van die fietsry was vir my baie lekker. Dit was soms moeilik, maar die gevoel wat ek gekry het nadat ek 'n moeilike bult oorwin het, was onbeskryflik. Die rustigheid by die see was ook vir my 'n groot hoogtepunt. Ek is mal oor die see en voel altyd asof ek weer volgelaai is met fisieke, geestelike en emosionele energie nadat ek by die see was."

***Foto's** verskaf*





**Lees meer »**

# **Die Kerkgeboue van Wynand H Louw**, baanbreker kerkargitek

Albert Geldenhuys het onlangs sy verhandeling ingedien oor die kerkgeboue wat deur die argitek Wynand H. Louw (1883-1967) ontwerp is. Geldenhuys is 'n nasaat van Louw. Dié Meestersgraad-dissertasie in argitektuur bevat kosbare inligting oor kerkgeboue in die land, maar ook die Vrystaat, wat deur Louw ontwerp is.

**Grens.Pos van 23 Augustus (Nr24)**
*Deur Albert Geldenhuys*

Die kerkgebou van Port Elizabeth Moedergemeente (1909), in Neo-Gotiese styl, was sy eerste volwaardige kerkontwerp. Uitenhage Moedergemeente se tweede kerk (1927), 'n gebou in die vorm van 'n Griekse kruis, was sy grootste kerkontwerp. Die Strand se kerkgebou, ook 'n Louw-skepping, is in vele opsigte 'n kleiner en latere weergawe van die Uitenhage-gebou.

In die Vrystaat was Wynand Louw verantwoordelik vir die ontwerp van die NG Moederkerk in Reitz (1912), NGK Lindley (1926), aanbouings aan NG kerke van Verkeerdevlei (1928) en Jacobsdal (1930), NGK Bethlehem-Wes (1930) en hoogs waarskynlik ook NGK De Bloem (1939). Gedurende sy vennootskap met Gerard Moerdyk het Louw en Moerdyk NGK Bloemfontein-Noord se Klipkerk (1923), NGK Luckhoff (1923), NGK Reddersburg (1923), die Jubileumsaal in Bloemfontein (1924), NGK Excelsior (1924), NGK Hertzogville (1924), die Gereformeerde Kerke in Reddersburg (1925) en Bloemfontein (1927), NGK Marquard (1926) en NGK Kestell (1926) ontwerp.

**Lees meer »**




***Foto** verskaf*

Oorgeneem uit
**VrydagNuus, Kaapkerk**

# Die **NG Kerkargief** was te sien by hierdie jaar se **Woordfees!**



Die NG Kerkargief was vanjaar vir die eerste keer deel van die Toyota Stellenbosch Woordfees, wat van 28 September tot 6 Oktober in die Eikestad plaasgevind het. Die Argief het vyf diskoerssessies in die kapel van die Fakulteit Teologie aangebied:

**1. Veldpredikers van die Suid-Afrikaanse oorlog**

Die werk van NGK veldpredikers en kapelane as hulpdiensnetwerk tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is belig deur dr Esté Kotzé en Lizelle Smit, navorsers en argivarisse van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Oorspronklike briewe, 'n gordel van een van die veldpredikers en vele meer artefakte uit die NGK Argief was te siene.




**2. De kinderharp, hallelujas en Afrika-tromme**

Die eerste NGK-musiekversameling is bekendgestel. Luister en sing saam. Dr Isabel Murray, kurator, het as verteller opgetree, met begeleiding deur dr Devandré Boonzaaier, orrelis en kenner van die Morawiese liedereskat.




**3. *A Square Meal***

Hoe kan kosgeskiedenis weer lewe gegee word? Dr Amy Rommelspacher vertel hoe kunsstudente in hulle verkennings van die argief nuwe werke geskep het in reaksie op hulle ervarings met geskiedenis en kos. Studente het deur die versamelings van twee NGK-sendelinge gewerk om te verstaan hoe kos in die 19de eeu in Suider- en Sentraal-Afrika verkry en ervaar is. Kos is voorgesit wat aangesluit het by die dokumente en kuns.




**Lees meer »**



# DIE 8STE DAG

## *"Stil maar, wag maar, alles word nuut – die hemel en die aarde!"*

*Deur **ds Janke Hurter**, Erediens Netwerk*

'n Vasgestelde ritme van aanbidding is algemeen in die wêreld van godsdiens. Terwyl aanbidding elke dag gedoen word, en baie keer selfs verskeie kere gedurende die dag, word sekere dae as veral heilige dae gesien. Vir Christene is Sondag die vasgestelde dag van gesamentlike aanbidding. Regoor die wêreld kom talle Christene vanuit verskillende rigtings Sondag ná Sondag bymekaar om te deel in die gesamentelike aanbidding van God. Sondag, 'n dag van gesamentlike aanbidding, en ook 'n heilige dag van rus.

Afgesien daarvan dat die meeste Christene Sondag as 'n dag van rus en gesamentlike aanbidding beskou, is dit ook 'n dag waarop God Sy skepping kom nuut maak. Hierdie eskatologiese karakter van Sondag word beklemtoon deur Sondag nie net as die eerste dag van die week te sien nie, maar dit ook as die agtste dag te sien. 'n Dag wat verby die sewedagsiklus van die week strek. 'n Dag wat as't ware BUITE die sewedagsiklus van die week strek. 'n Dag wat ná die sewedagsiklus van die week kom.

In haar werk *Missional worship and worshipful mission* (2014) sien Ruth A. Meyers dit as die eerste dag waarop God die skepping nuut kom maak het. Of soos Michael Patella ook in sy werk *And God created laughter: the eighth day* noem, op die agtste dag word die Bose, lyding en dood verneder voor die aangesig van God en God se kinders (164). Die agtste dag kan daarom ook gesien word as die eerste dag van die begin van die wêreld wat gered en herstel is. Dit is 'n wêreld wat deur God se Woord geskep is en steeds geskep word deur die werking van die Heilige Gees, en sigbare gestalte aanneem in die doen en late van die gemeente wat gestuur word om in die wêreld te gaan leef.

**Lees meer »**



***Foto:** Ds Janke Hurter (verskaf)*

# BOEKMERK DIE DATUM



**19 NOV 2024**

***18:00***

**LEGITIMASIE VAN DIE KURATORIUM | NG KERK VRYSTAAT**

***NG GEMEENTE HUGENOOT***

Normandielaan, Bayswater, Bloemfontein

*Indien U die geleentheid wil bywoon kontak Anelia per epos | kuratorium@ngkvs.co.za*

# CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."

Clarens HERMITAGE

her·mit·age | 'hər-mə-tij

A place or period of seclusion.

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

## BESPREEK NOU JOU ERVARING

**20 - 24** **OKTOBER**

**24 - 28** **NOVEMBER**


BEDIENINGSBEGELEIDING



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuiskompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²


KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING
ngkerkvrystaat.co.za
ontvangs@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

BLÊR

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella

Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH

Worship – Aanbidding | Healing – Heling | Growth – Groei | Serving – Diens

**16 November | 10:00 - 12:00**

## *Bespreek jou kaartjie*

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

**https://qkt.io/awxstK**



# Boekbekendstelling & pretdag

**R120 per kind | R50 per volwassene**

Kom en skud jou wolle rond en dans saam met Leon, die verlore skapie en Blêrs

**Navrae: 051 406 6700 | carlie@ngkvs.co.za | cmclean@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat | SCHINK | JONK | CLF

DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA

Geloofsentrum CENTRE OF FAITH

Program

16 November | 10:00 - 12:00

## Aankoms
10:00 - 10:15

## Verwelkoming en gebedsopening
10:15 - 10:20
deur ds Francois Lamprecht

## Boeklesing
10:20 - 10:45
deur skrywer Martin Schwella, illustreeder en oudio-opnames
van *Die Verlore Skapie*

## Kortvertoning, sing en dans
10:45 - 11:10
deur Leon die skapie *Mascot* en die Blêrs van CHAD
Chantell Hewitt Academy of Dance

## Bedankings en gelukkige pryswenners
11:10 - 11:15

## Aktiwiteite
11:15 - 12:00
Geleentheid vir boek-ondertekening deur Martin Schwella
*Selfies* saam met Leon die skapie *Mascot*
Boekverkope @ R200 per boek
T-hemde verkope @ R300 per hemp
Yskasmagnete verkope @ R50 (4 magnete per pakkie)

## Gratis aktiwiteite *ingesluit saam met die kostes per kind*
Gesigverf deur Towerbos-gesigverf
1 x 500ml houer met spookasem

## Kosstalletjie teen eie kostes sal beskikbaar wees

# Boekbekendstelling & pretdag

***Bespreek jou kaartjie*** Quicket EXPERIENCE AWESOME **https://qkt.io/awxstK**

Kom en skud jou wolle rond en dans saam met Leon, die verlore skapie en Blêrs

**Navrae: 051 406 6700 | carlie@ngkvs.co.za | cmclean@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF

# RING VAN GOUDVELD

# Belê in hul vroue en kinders




Deur **Mariëtte Odendaal**

## R inge in samewerking met ***Sinodale Bedieninge***

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. Wat die Ring van Goudveld betref, is daar by die sinodale bedieninge Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid en Vennote in Getuienis ingeskakel. Ons het meer gaan uitvind oor hoe hulle ring die fonds aangewend het.

**Op 16 September 2023 is daar 'n Damesoggend vir die vrouelidmate van die Ring van Goudveld aangebied. Hannetjie Nel, bestuurslid van die sinodale vrouebediening, wat die oggend gereël het, vertel:**

"Uitnodigings is na al die gemeentes in die ringe van Goudveld en ook Welkom gestuur. "Die geleentheid is by die NG Kerk Riebeeckstad (Moedergemeente) aangebied waar ongeveer 120 dames die besondere geleentheid bygewoon het. Dis ook die gemeente waar ek en my man, Christo Nel, leraarspaar is.

"Nadat die vroue in die kerksaal met 'n geskenksakkie by registrasie verwelkom is, kon hulle gesellig verkeer oor 'n koppie koffie en muffins. Boonop was Engo se **Omgie** ook daar om elkeen te verwelkom met 'n suigstokkie en 'n hartlike drukkie. "In die kerksaal was daar 'n wye verskeidenheid uitstallers, onder andere die **Bybelgenootskap**, **Engo**, **Bidbeertjies**, skoonheidsprodukte en leeritems.

*"Die droom van ons Damesoggend was om 'n bederfgeleentheid met 'n lewensveranderde boodskap te reël wat vir alle belangstellende vroue bekostigbaar sou wees."*

***Hannetjie Nel***
*Bestuurslid van die sinodale vrouebediening*

*"Die #Imagine KIDZ was 'n geleentheid wat die kinders van ons gemeenskappe geestelik bedien het; iets wat 'n uiters waardevolle belegging vir enige gemeenskap is."*

***Ds Christo Nel***
*Leraar: Riebeeckstad Moedergemeente*

**Lees meer »**

VISIONERING

# Vroue Toerustingskamp

**FEBRUARIE 2025**

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

## Amanzi

***Private Game Reserve***

**21 - 23 Februarie 2025**

## Aanbieder

***Prof Stephan Joubert***

## Besprekings

***Marietjie van der Merwe***

**076 113 9601**

**vrouelidmate@gmail.com**

vb

**VROUE**BEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# My reis met die Fakulteit Teologie en Religie aan die UV

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Prof Kobus Schoeman**
*Departement Praktiese en Missionale Teologie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion

Die Algemene Sinode besluit in Oktober 1978 om 'n derde teologiese fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat te vestig. Ek sit as 'n eerstejaar-student in die galery van die Sinodale Sentrum in Bloemfontein toe die besluit geneem word. Dit is vir my die begin van 'n opwindende reis met die Fakulteit, eers as student en later as dosent. Prof Mias de Klerk speel 'n belangrike rol in my besluit om 'n meestersgraad in godsdienssosiologie onder leiding van prof Jan Coetzee te voltooi, en later voltooi ek my proefskrif oor 'n teorie vir gemeente-analise met prof Kobus Kellerman as studieleier.

Ek is vir meer as twintig jaar voltyds predikant in drie NG gemeentes (Voortrekkerhoogte-Oos, Witbank en Riviera; later deeltyds by Hugenoot).

Ek keer in 2009 terug na die Fakulteit as dosent in die Departement Praktiese Teologie. My belangstelling en fokus is gemeentestudies en leierskap. Ek glo 'n mens kan nie in hierdie studieveld doseer sonder praktiese gemeente-ervaring nie, en daarom is ek altyd dankbaar teenoor die gemeentes wat ek saam met verskeie kollegas kon bedien. Die gemeentebediening is en was 'n roepingservaring van onskatbare waarde. Van my skooldae af is ek lief vir Wiskunde en later Statistiek. Ek voltooi my eerste empiriese navorsingsprojek in my honneursjaar in Sosiologie. In 1988 raak ek by Kerkspieël (empiriese opnames oor verskeie fasette van die gemeentelike bediening) betrokke. In 'n sekere sin was die navorsing my stokperdjie as 'n predikant. As dosent raak hierdie opnames deel van my formele werksopdrag.

Die doel van Kerkspieël is om gemeentes en die kerk te help om hulle roeping meer geloofwaardig binne die huidige konteks te verstaan en uit te voer. Dit is noodsaaklik om dit voortdurend binne 'n snel veranderende wêreld te doen. Vir meer as tien jaar is ek voorsitter van die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode en het die voorreg om met 'n ongelooflike span saam te werk. Die Kerkspieël-navorsing (ook die "Church Life Surveys") brei die laaste paar jaar verder uit, eers na gemeentes van ander hoofstroomkerke (soos die NG Kerkfamilie, Hervormde kerk, Presbiteriaanse en Metodistekerke), in 2019 brei dit uit na 'n verskeidenheid gemeentes in "townships" en tans word die opnames in gemeentes in meer as vyf Suider-Afrikaanse (SADC) lande gedoen.

Lees meer »




**12 Oktober 2024**

***Oorgeneem uit** worldmigratorybirdday.org*

Trekvoëls het 'n besondere plek in die skepping. Jaarliks migreer hulle duisende kilometers oor kontinente heen, wat hul oorlewingsvermoë en die krag van God se handewerk beklemtoon. Op 12 Oktober 2024 vier ons **Wêreldtrekvoëldag** om bewusmaking te skep oor die uitdagings wat hierdie wonderlike wesens in die gesig staar, en hoe ons hulle kan help.

Vanjaar is die tema: Beskerm insekte, beskerm voëls. Dit plaas die fokus op 'n krisis wat nie net trekvoëls nie, maar ook hele ekostelsels bedreig: Die afname van insekte. Insekte speel 'n kritieke rol in voëls se dieet en ekosisteme, maar hulle word bedreig deur habitatverlies, klimaatsverandering en plaagdoders. As insekte verdwyn, het dit rampspoedige gevolge vir trekvoëls en ander spesies wat van hulle afhanklik is.

World Migratory Bird Day

**Lees meer »**

# Geroep
## *vir 'n tyd soos hierdie*

**Farren Cloete (Skrywer)**
*AFRIKAANS / SAGTEBAND / NB UITGEWERS, LUX VERBI*

Ons is elkeen ***geroep vir 'n tyd soos hierdie***.
Ook jy.
Presies daar waar jy jou nou bevind.

Farren Cloete is die dominee van die pienk kerk op Lambertsbaai en ook 'n bekende TikTok-ster en smaakmaker. Sy vertel op haar eie kaalvuismanier van die soet en die suur van haar lewe.

Farren is geroep vir 'n tyd soos hierdie, maar wys jou ook op jou roeping: Dit maak nie saak wat mense sê nie, as God jou geroep het, kan geen mens jou keer nie en jy hoef aan niemand rekenskap te gee nie. Farren help ons om vry te kom om ander gelukkig te maak en help ons om te fokus op wat God van ons wil hê. Dit maak nie saak hoe moeilik ons roeping is nie, of ons opgewasse voel daarvoor of nie, God is by ons en Hy roep ons vir 'n tyd soos hierdie.

Farren is ook die eerste wenner van die Kuier-inspirasiekategorie by Netwerk24 se Smaak-makers-toekennings.







Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## OKTOBER

| Naam | Datum |
|---|---|
| Ds Chris du Raan<br>**PETRUS STEYN** | 11 |
| Ds Etresia van Schalkwyk<br>**MEMEL** | 11 |
| Ds Barry van Wyk<br>**PARYS-WES** | 17 |
| Ds Dirk Venter<br>**VREDE** | 20 |
| Ds Dylan Allen<br>**BOTHAVILLE** | 23 |
| Ds Philip McLaren<br>**BEDELIA** | 24 |
| Ds Jannie du Plessis<br>**BRANDFORT** | 25 |

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN










1824 2024 200

## KERKWEES 200 | *'n Tyd van herdenking en hoop*

Sluit by ons aan vir die Kerkwees 200-vieringe waar ons 200 jaar van genade en geloof herdenk. Hierdie spesiale feesreeks bring die NG Kerk en die NHKA (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) saam om die kerk se ryk geskiedenis, hede en toekoms te vier. Die program bied 'n verskeidenheid betekenisvolle geleenthede aan wat die pad vorentoe belig.

# PROGRAM

## HOOGTEPUNTE VAN DIE VIERINGE

**BEKENDSTELLING VAN DIE KOFFIETAFEL-GEDENKBOEK: "TWEEHONDERD GENADEJARE"**

| | |
|---|---|
| Vrydag 1 November 2024 om 18:30 | NG Kerk Durbanville |

**KERKWEES 200 KONFERENSIE: "VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS"**

| | |
|---|---|
| Saterdag 2 November 2024 vanaf 09:00 – 15:00 | NG Kerk Argief, Stellenbosch |

**GESAMENTLIKE EREDIENSTE OP HERVORMINGSONDAG**

**LITURGIESE VOORSTEL »**

| | |
|---|---|
| Sondag 27 Oktober 2024 | Verskeie gemeentes neem deel |

**GESAMENTLIKE FEESDIENSTE – SONDAG 3 NOVEMBER 2024**

| | |
|---|---|
| Diens in Groote Kerk, Kaapstad om 15:00 | Gelei deur ds Jan Lubbe, Moderator van die Algemene Sinode NG Kerk van SA |
| Diens in NHKA-gemeente, Pretoria-Oos om 16:00 | Gelei deur prof Wim Dreyer, Voorsitter van die AKV |

**BEKENDSTELLING VAN DIE SPESIALE UITGAWE VAN DIE *STELLENBOSCH THEOLOGICAL JOURNAL FOR THEOLOGY***


| | |
|---|---|
| Vrydag 1 November 2024 om 08:30 | Kapel, Fakulteit Teologie, US |

**NHKA: KERKWEES 200 KONFERENSIE: "VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS"**

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 5 November en Woensdag, 6 November 2024 | NHKA-gemeente, Pretoria-Oos |

Hierdie vieringe is 'n kosbare geleentheid om terug te kyk op die kerk se nalatenskap en met hoop vorentoe te kyk na die pad wat voorlê. Maak seker dat jy deel word van hierdie geskiedkundige oomblik!

*(Oorgeneem vanuit kaapkerk.co.za)*




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »





Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## OOR ONS GELOOFS-VERHOUDINGE

16 Oktober

10 VBO-punte

Aanlyn webinaar
Sluit 14 Oktober
R250 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit 25 Oktober
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +





## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## KURSUS: ANGS AS DIE NUWE 'DEPRESSIE'


12 November

5 VBO-punte

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel
Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## KURSUSSE WAT VIR JOU 'N NUWE DEUR OPEN

Jaarkursusse

55 VBO-punte

Via afstandonderrig
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## ALFA PASTORALE OPLEIDING

2025

120 VBO-punte

Slegs 30 studente word per jaar gekeur

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE

Loer hier na ander sinodalestreke se nuus

Bybel-Media

## Nuusbrief

*Missie Japan*

mission ミッション missie JAPAN

*Oorgeneem uit facebook.com/missiejapan*

## Publikasie

*Wag-vreugde*




*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## Publikasie

*Gestuur om te getuig*




*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**NG Kerk Vrystaat: Só sê sinodegangers ná vergadering in Bloem**
*Kerkbode / 7 Oktober 2024 / @sinode*
*Chris de Vries*

**Buitengewone sinode: Vrystaters stem vir eenheid ten koste van bevestiging van verbintenisse**
*Kerkbode / 4 Oktober 2024 / @sinode, Gewild*
*Chris de Vries*

**Frits Gaum sterf op 84**
*Kerkbode / 1 Oktober 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

ELDERS GESIEN
**NG Kerkargief vir eerste keer deel van Woordfees se program**
*Kerkbode / 25 September 2024 / Nuus*

**Barkly-Oos op 150: 'Hierdie boek is 'n reis in die verlede' – Gerdrie van der Merwe**
*Kerkbode / 23 September 2024 / Nuus*

**Te midde van kommer oor klimaatsverandering en ontnugtering onder jonger geslag bind Afrika ons saam**
*Kerkbode / 13 September 2024 / Nuus*
*Hendrien van Vliet*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

kerkbode

**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**AANVAAR | Ds Christo Nel** van NG Gemeente Riebeeckstad het die beroep aanvaar na NG Gemeente Wesselsbron. **BEVESTIGING | Dr Christo Fourie** (was lidmaat by NG Gemeente Heuwelsig) is op Sondag 29 September bevestig as leraar by NG Gemeente Petrusburg. **Dr Gretha Heymans** is amptelik vanaf 1 Oktober 2024 leraar van NG Gemeentes Jagersfontein en Fauresmith. Haar bevestiging het Sondagoggend 6 Oktober 2024 te NG Gemeente Fauresmith plaasgevind.

# “**Heer** waar dan heen? ...”

***Deur ds Lunette Basson,***
*leraar van NG Gemeente Theunissen-Wes*



**Foto:** *Ds Lunette Basson (verskaf)*

*17* ***“Maar die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.”***

*18* ***“En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak.”***

Jakobus 3:17-18 AFR20

As ek so terugkyk oor die week, maand, jaar en selfs jare, steek die begin van vers 3 van Lied 238 in my kop vas, *“Heer waar dan heen? ...”*

*“Heer waar dan heen?*
*Tot u alleen;*
*u sal ons nooit begewe.*
*U eie Seun, ons borg en steun,*
*is ook ons weg tot lewe.”*

Dit is reeds Oktobermaand. In die gereformeerde tradisie is dit ’n spesiale maand as ons terugdink aan 31 Oktober 1517 toe Martin Luther sy 95 stellings aan die deur van Wittenberg se kerk vasgespyker het. Sy geloofsoortuiging van daardie dag het ons onafwendbaar op die pad van Reformasie gesit. *“Heer waar dan heen? ...”* Dit is al 507 jaar later, en 27 Oktober van hierdie jaar vier ons Hervorming-Sondag. Wat ook vir ons in Suid-Afrika ’n mylpaal is – van 1824 af is ons as NG Kerk in Suid-Afrika ons eie selfstandige kerk. Wat kon die kerk in 200 jaar alles in Suid-Afrika vermag? Het ons, soos dié tyd van die kerkjaar (Koninkrykstyd) so mooi beskryf, die groei en ontwikkeling van die koninkryk van God deur sy Gees al meer ’n moontlikheid gemaak?

Ons het net verlede week, 3 Oktober bymekaar gekom vir nóg ’n Buitengewone Sinodesitting, om die toekoms van ons NG Kerk in die Vrystaat te bespreek. Baie het die Skrif vertolk en oorgedra met die oortuiging – dalk soos Luther ook gevoel het – “so sê die Here vir my ...” En tog was die openingsteks vir die vergadering Jakobus 3:17-18: *“Maar die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van geregtigheid word in vrede gesaai vir hulle wat vrede maak.”*

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING